## DIE VESTIGINGSGESKIEDENIS VAN DIE STAMME BUITE DIE BELOOFDE LAND

### (*a*) *Die Beloofde Land*

Ofskoon daar dikwels na Palestina verwys word as „die beloofde land", kom die benaming self nie in die Ou Testament voor nie. In Hebreërs 11:9 kom ons die naaste daaraan, wanneer die onbekende outeur sê dat Abraham deur die geloof as vreemdeling gaan woon het *eis gyn tys epaggelias*: in die land van die belofte.[1] Met Abram se roeping te *Charrān*[2] kry hy alleenlik maar die opdrag om weg te trek *na die land wat die HERE hom sal wys.* In die daaropvolgende belofte en seën word

daar selfs nie eens melding gemaak dat 'n spesifieke land hom en-of sy nageslag ten dele sal val nie.[3] Ten spyte van die feit dat die naam „die beloofde land" nie in die O.T. voorkom nie, is die saak self tog welbekend. Die beloftes dat God eenmaal die land Kanaän aan die nageslag van Abraham sal gee, is talryk.[4] God het hierdie belofte nie net dikwels aan Abraham herhaal nie,[5] maar dit ook binne die raamwerk van Sy verbond met hom, met 'n eed bevestig en steeds sy nageslag daaraan herinner.[6] Alhoewel Abram weggetrek het sonder om te weet waar hy sal kom, het hy uiteindelik in die land Kanaän gearriveer[7] waar hy die belofte van God gekry het dat sy nageslag *„hierdie land"* sal ontvang. Behalwe vir die kort periode toe hy na Egipteland afgegaan het, was Abram se omswerwinge dan ook beperk tot die wes-Jordaanland.[8] Nooit, sover ons weet, het Abram die Jordaan deurgetrek om sy tente in die sg. Trans-Jordanië op te slaan nie. Hieruit mag ons alreeds aflei dat die oos-Jordaanse gebied nie by die beloofde land inbegrepe was nie. Die land wat aan die aartsvaders belowe is en waarvan daar telkens in die O.T. sprake is, strek vanaf die Jordaan in die ooste tot by die Middellandse see in die weste en vanaf die beek van Egipte in die suide tot by die ingang na Hamat in die noorde.[9] Oënskynlik is Gen. 13:14—15 met hierdie opvatting in teenspraak, want vanwaar hy gestaan het,[10] sou Abram waarskynlik ook die oos-Jordaanland kon oorsien. Hierdie algemene omskrywing van die gebied wat aan sy nageslag belowe word, moet egter eerder beoordeel word in die lig van die meer direkte vermeldings aangaande die grense van die beloofde land, waar dit 'n mens tref dat selfs die ideale grensomskrywings van Num. 34:1—12, Dt. 34:1—3 en Jos. 1:2—4 nie die oos-Jordaangebied by die beloofde land insluit nie. Selfs die sg. sisteem van die stamgrense ken eweneens die Jordaan as oosgrens van die gebied van die Israelitiese stamme.[11] Maar behalwe hierdie formele grensaanduidings is daar ook enkele ander aanduidings waaruit dit duidelik blyk dat die Jordaan en die Dooie See die oosgrens van die beloofde land was.

Die eerste aanduiding vind ons in die plek waar Moses gesterf het. Omdat hy die rots met sy staf geslaan het en dit nie aangespreek het nie, soos die HERE hom beveel het, was dit hom nie beskore om die beloofde land binne te gaan nie.[12] Na die oorwinnings oor die Amoritiese konings Sihon en Og, beveel die HERE hom dan ook om te klim op die gebergte Abárim en die land wat Hy aan Israel sal gee, van ver af te bekyk. En as hy dit gesien het, sal Moses by sy volksgenote versamel word.[13] Maar aangesien die ganse Moabitiese hoogland in die wes-Jordaanland bekend gestaan het onder die naam *hāᶜᵃbārīm*,[14] sou die sterfplek van Moses goedskiks buite die latere oos-Jordaanse besittings van Israel kon gewees het in ooreenstemming met die straf wat die HERE hom opgelê het. Hierdie moontlikheid word egter uitgeskakel deur die toevoeging in Dt. 32:49 dat Moses moes klim op Nebo, een van die spitse van die Abárimgebergte wat teenoor Jericho geleë is. Ook Dt. 34:1 laat geen twyfel oor die feit vanwaar Moses die beloofde land mog aanskou nie.

Hy moes klim op Nebo, die top van Pisga wat teenoor Jericho is. Pisga moet vereenselwig word met die rif, sowat 12 myl ten ooste van die Jordaanmond, waarvan die hoogste kruin bekend staan as *ēn-Nebā*. Indien hierdie kruin nie met Nebo vereenselwig moet word nie, dan is die laer platform, w.n.w. van hierdie kruin, wat bekend is as die *jebel Ṣijâghah* en vanwaar 'n mens miskien selfs 'n beter uitsig het oor wes-Palestina, na alle waarskynlikheid die *har n*$^{e}$*bō*.[15] Direk ten noorde van Pisga is 'n laagte waardeur die *Wâdi* $^{c}$*ajûn Mûsa* of *'ašdōt happisgā* vloei. Net ten noorde hiervan styg die hoogland andermaal en vorm 'n rug aan die helling waarvan Kh. esj-Sjech-Dschajil, wat tereg met *bēt ba*$^{c}$*al p*$^{ec}$*ōr* vereenselwig is, geleë is.[16] Volgens Dt. 34:6 moet die graf van Moses in hierdie dal tussen Pisga-Nebo en Baal-Peor gesoek word en hierdie landstreek, waar die stamme Ruben en Gad later gewoon het, kan dus nie tot die beloofde land gereken word nie.

'n Tweede aanduiding dat die oos-Jordaangebied oorspronklik nie tot die beloofde land gereken is nie, vind ons in die steeds-herhaalde aanspraak dat hierdie gebied deur Israel verowerde gebied is. Toe die Ammonities-Moabitiese koalisie[17] deurgedring het tot aan die westekant van die Jordaan en die inwoners van Gilead ten noorde van die Jabbok benou het, het Jefta, die Gileadiet, die Israelitiese stamme se aanspraak op die betwiste gebied geregverdig deur die feit dat hulle die streek vanaf die Arnon tot by die Jabbok en vanaf die woestyn in die ooste tot by die Jordaan, van die Amoriete afgeneem het.[18] Weliswaar word die eer vir die oorwinning aan die HERE gegee, maar desnietemin bly dit 'n vasstaande feit dat die omstrede area in die latere geskiedenis altyd naas Kanaän, die beloofde land, vermeld word as die gebied wat die intrekkende stamme van Sihon en Og verower het.[19] Naas die wes-Jordaanland vorm die oos-Jordaanse besittings dus 'n selfstandige en buite die beloofde land liggende grootheid wat deur die Israeliete in besit geneem is, nie omdat God dit aan die aartsvaders belowe het nie, maar eenvoudig omdat Sihon homself vyandig betoon het teenoor Israel en in die daaropvolgende veldslag nie die deur God geseënde wapens van Israel kon weerstaan nie.[20] Eers latere geslagte beskou hierdie verowerde gebied as behorende tot die erfdeel van Israel.[21]

'n Verdere aanduiding dat die gebied buite die beloofde land geleë was, vind ons in die misnoë wat daar geheers het oor die versoek van die stamme Gad en Ruben.[22] Selfs al sou die mededeling oor hierdie versoek ook beskou word as 'n al te min-gekompliseerde weergawe van die vestigingsgeskiedenis van die stamme in die oos-Jordaanland deur die sg. „deuteronomistische Überlieferungswerk",[23] bly dit tog 'n feit dat daar op die tydstip toe die stamme met die plan om hulle in die oos-Jordaanland te vestig, voor 'n dag gekom het, 'n misnoë by die ander stamme geheers het oor hierdie versoek. Die woorde van Moses, die leier van die volk, vertolk die algemene gevoel van die volk, nl. dat diegene wat verkies om ten ooste van die Jordaan te gaan woon, die erfdeel wat die HERE aan hulle toegesê het, versmaad. Netsoos wat die

volk eenmaal tevore by Kades Barnea traag, ja afkerig, was om die land van die belofte binne te trek, deins hulle nou ook terug. Die land waar hulle van plan is om hulle te vestig is nog nie die beloofde land nie en daarom vra Moses „En waarom wil julle die hart van die kinders van Israel afkerig maak om deur te trek na die land wat die HERE aan hulle gegee het?" Eers wanneer hulle belowe dat die krygsmanne sal meetrek en die land van die belofte sal help verower, word hulle versoek toegestaan. En toe die krygsmanne wat deurgetrek het lank daarna weer terugkom, het hulle self te kenne gegee dat die gebied ten ooste van die Jordaan nie 'n deel van die beloofde land is nie. Die besorgdheid van die manne kan alleenlik gebore wees uit die feit dat hulle goed bewus was van die feit dat hulle buite die beloofde land gaan woon het.[24] En juis hierdie bewustheid het daartoe bygedra dat daar met verloop van tyd 'n gevoel van spanning geheers het teenoor die oos-Jordaanse stamme. Maar voor ons aan die onderlinge verhouding van die twee groepe aandag skenk, verg die vestigingsgeskiedenis van die stamme buite die beloofde land eers kortliks ons aandag.

(*b*) *Vestigingsgeskiedenis*

Wanneer Elias Auerbach beweer „Kein Volk der Erde kann über seinen Ursprung und seine Anfänge zuverlässige Auskünfte geben",[25] dan beperk hy self hierdie stelling van hom t.o.v. sekere van die jongere volke soos die van Suid-Afrika. Maar m.b.t. die volk Israel laat geld hy dit onbeperk. Indien hierdie stelling betrekking het op die vestigingsgeskiedenis van die wes-Jordaanse stamme, soos deur Alt beweer is,[26] hoeveel te meer moet dit nie die geval wees nie m.b.t. die vestigingsgeskiedenis van die oos-Jordaanse stamme waaroor die bronne baie minder meedeel en daarby nog uiters gekompliseerd is.[27] Dit is wel waar dat Num. 32 meedeel dat die twee en 'n halwe stam op hulle eie versoek die gebied wat van Sihon en Og verower is, ontvang het en dat Jos. 13 dieselfde gebeure herhaal. Maar sodra 'n mens die twee hoofstukke op die keper beskou, kom daar dadelik enkele vrae na vore, soos bv.:

(i) Waarom is die volgorde in Num. 31:1 Ruben en dan Gad, terwyl die orde in Num 32:2—33 die omgekeerde is? 'n Mens sou deurgaans die order van vers 1 verwag, soos dit ook in Jos. 13 beskrywe is.

(ii) Waarom word die halwe stam van Manasse eers in Num. 32:33 vermeld? 'n Mens sou tog immers verwag het dat hulle van die begin van die hoofstuk af naas Ruben en Gad vermeld sou gewees het.

(iii) Waarom is daar 'n in die oog lopende verskil in die stede wat respektiewelik deur Num. 32 en Jos. 13 aan Ruben en Gad toegeken word?

(iv) Hoe is dit te verklaar dat Jos. 13:25c die helfte van die grondgebied van die kinders van Ammon aan die stam Gad toeken, terwyl Rig. 11:15 nadruklik verklaar dat daar nie van die grondgebied van die Ammoniete afgeneem is nie en dat dit ten tye van die genoemde verdeling deur Moses ook nie gedoen is nie? Ook volgens Dt. 3:16 het hulle gebied net gestrek tot by die grens van die kinders van Ammon.

(v) Sou die stamme hulle vrouens, kinders en besittings alleen agtergelaat het, terwyl elke gewapende man in die wes-Jordaanland gaan veg het? Kon hulle binne die korte tydsbestek tussen die oorwinnings oor die Amoriete en die deurtog deur die Jordaan, versterkte stede bou waarin die vroue kon skuil? En selfs dan sou dit nog 'n waaghalsige onderneming moes wees.

Uit hierdie enkele vrae blyk dit dus duidelik dat die saak heelwat ingewikkelder gewees het as wat die oorgelewerde bronne so met die eerste oogopslag laat vermoed. Daarom moet die vestigingsgeskiedenis van die verskillende groepe probeer naspeur word.

Ofskoon daar in Num. 32:2—38 gegewens is wat betrekking het op die na-vestigingsgeskiedenis van die stamme Gad-Ruben, soos bv. die bou van die versterkte stede en die inbesitname van die suidelike stede Dibon, Atarot, Aroër en Atarot-Sofan, kan die mededeling aangaande die versoek om hulle in die oos-Jordaanland te vestig, benewens die herinnering aan die misnoë onder die geledere van die andere, moeilik op 'n ander tydperk slaan as juis op die periode toe al die stamme nog ten ooste van die Jordaan, in die velde van Moab, gelaer was en onderweg na die beloofde land was. Die inisiatief vir die rig van hierdie versoek het onteenseglik van die kinders van Gad uitgegaan. Anders is die voorkeur wat in hierdie hoofstuk aan hulle bo die stam van Ruben gegee is, onbegryplik.[28] Voordat die Israelitiese stamme die beloofde land binnegetrek het, het hulle die Amoriete onder Sihon en Og[29] verslaan en sodoende deur verowering oppergesag verkry oor 'n aansienlike gebied oos van die Jordaan.[30] By die oudstes van Gad het derhalwe die idee posgevat om hulle in hierdie goeie veewêreld te vestig eerder as om saam met die ander stamme deur die Jordaan te trek en daar vir hulle 'n eiendom te probeer verwerf. Was die herinnering aan die verslag van die verspieders wat eendersyds eintlik net oor die vrugte van die land gehandel het,[31] die aanleidende faktor vir die veeboere van Gad om maar liewer in die goeie veewêreld wat alreeds verower is en nog maar dun bevolk was, te bly woon? Presies waar die kinders van Gad hulle vir die eerste keer gevestig het, is moeilik te bepaal aangesien die optelling van die verskillende stede óf bloot 'n idieële lys is wat die aanspraak van die stam op hierdie tydstip te kenne gegee het[32] óf aan die anderkant toestande weerspieël uit 'n tydperk toe die vestiging al voltooi was. Daarbenewens moet daar rekening gehou word met die feit dat daar in sommige van die streke wat in die lys vermeld word, nog ander bevolkingselemente gewoon het ten spyte van die feit dat hulle deur Israel verslaan is. Dat daar bv. nog Moabitiese groepe ten noorde van die Arnon aanwesig was en dat hulle 'n duidelike aanspraak op daardie gebied daarop nagehou het, blyk duidelik uit die gebeure wat gevolg het op die onderwerping van Sihon en Og, soos bv. die inroep van Bileam, die fees by Baal-peor asook uit die verloop van die latere geskiedenis. Ten ooste en miskien selfs gedeeltelik ten weste van die noordwaartse vloeigebied van die Jabbok was die ryk van die Ammoniete, terwyl die verslaande Amoriete nog

verstrooid in hulle vroeëre grondgebied gewoon het, Miskien moet daar voorkeur gegee word aan die suide van die land Gilead,[33] d.w.s. die suidelike deel van die gebied direk ten suide van die Jabbok en die aangrensende land Jaéser.[34] Die beginpunt kan miskien selfs nog noukeuriger aangegee word deur dit so te stel dat die vestigingsentrum vanwaar die stamgenote later noord-wes, maar veral suid-oos en suid-weswaarts uitgesprei het, na alle waarskynlikheid gelokaliseer moet word rondom die bo-loop van die *wâdī Nimrîm*, wat in die hoogland waar dit ontspring, bekend is as die *w. Sha*ᶜ*ib* en wat genoeg drinkwater vir die mense en die veetroppe kon bied. In hierdie omgewing was daar genoeg nie-besette grondgebied waar die nuwe aankomelinge hulle kon vestig en dit was meteens buite die gebied waarop die Moabiete nog hulle aanspraak laat geld het, terwyl dit ook buite die Ammonitiese grense geleë was. Die kinders, vroue, vee en lasdiere van die mans wat eers moes deurtrek om die ander stamme te gaan help,[35] sou in hierdie streek die veiligste wees en die maklikste deur 'n kleiner dog goed-gewapende afdeling, wat ons moet veronderstel wat agter gebly het, beskerm kon word.

En wat van Ruben? Reeds is daarop gewys dat die kinders van Ruben nie die leidende aandeel aan die vestiging in die oos-Jordaanse gebied gehad het nie. Volgens die oorlewering in Num. 32:2—33 en die ander daaraan verwante bronne het hulle egter saam met die stam van Gad verkies om in Trans-Jordanië te bly. Netsoos vir die stam van Gad is daar ook vir die Rubeniete nie in die grensbeskrywings enige voorsiening gemaak vir 'n erfdeel in die wes-Jordaanland nie.[36] Maar anders as wat die geval is met die stam van Gad[37] is daar vir die stam van Ruben enkele aanduidings wat daarop sinspeel dat hierdie stam, hetsy gedeeltelik, hetsy in sy geheel, 'n tyd lank in wes-Palestina gewoon het.[38]

Ten eerste kan die klip van Bohan, die seun van Ruben[39] vermeld word. In die beskrywing van die noordgrens van Juda, wat in omgekeerde orde dieselfde is as die suidgrens van Benjamin, word daar êrens ten suide van Jerigo[40] die grensaanwysingspunt „die klip van Bohan, die seun van Ruben" genoem. Selfs indien die *'èbèn bōhan* oorspronklik alleen gestaan het en dus as „duimklip" vertaal moet word[41], dan dui die toevoeging van die woorde *bèn r*ᵉ*'ūbēn* duidelik daarop dat die plek op een of ander tydstip met Ruben in verband gebring is. Maar daar is geen tekskritiese gronde om die woorde *bèn r*ᵉ*'ūbēn* as 'n toevoeging te beskou nie. Indien daar in die Rubenitiese geslagsregisters wat oorgelewer is 'n naam *bōhan* voorgekom het, dan sou die toevoeging miskien as 'n assosiasiefout verklaar kon word. Maar in die betrokke registers ontbreek die naam *bōhan* geheel en al en daarom moet die teks hier gelees word soos dit oorgelewer is. Dit bring dan mee dat die opsteller van hierdie oer-oue grensbeskrywings[42] doelbewus die naam van die stam Ruben aan hierdie area verbind het.

Vervolgens kan opgemerk word dat die ᶜ*ēmèq* ᶜ*ākōr* volgens hierdie selfde grensbeskrywing nie ver van die klip van Bohan, die seun van

Ruben, af was nie.[43] En hier is Agan, die seun van Karmi, om die lewe gebring.[44] Hy word, blykens die teksverband tot die geslag van Juda gereken, maar uit die geslagsregister van Kronieke[45] blyk dit duidelik dat ons in die beskrywing van die steniging van Agan met 'n sosiografiese inskakeling te doen het, waaruit blyk dat die geslag van Karmi uit die geslag van Ruben[46] in hierdie streek wat eintlik binne die gebied van Juda geleë was, woonagtig was. Dieselfde sosiografiese inskakeling van 'n Rubenitiese geslag by Juda vind ons ook in die geval van Hesron[47] wat blykbaar eweneens tussen Juda gewoon het.[48] En aan die herinneringe rondom hierdie geslag is daar ook nog ingesluit die verhuising van 'n deel van die geslag na die Trans-Jordaanse gebied.

Hoe moet ons dan die vestigingsgeskiedenis van Ruben rekonstrueer? Aan die een kant het ons nl. die duidelike aanwysings hierbo dat minstens 'n deel van die Rubeniete in die wes-Jordaanland tussen Juda (en moontlik Benjamin) vertoef het, terwyl die herinnering in Numeri 32 bewaar, weer vermeld dat die stam die voorbeeld van Gad nagevolg en verkies het om eweneens in die oos-Jordaanland te woon. Miskien was die ware toedrag van sake dat die groter deel van die stam van Ruben, wat selfs op so 'n vroeë tydstip in die volksgeskiedenis as die intog, nie meer 'n prominente plek in die stammerei beklee het nie,[49] hulleself by Gad geskaar en 'n erfenis in die oos-Jordaangebied gesoek het, terwyl 'n ander deel weer saam met Juda tereg gekom het. En aangesien hierdie groep, waaronder o.a. die geslagte Karmi en Hesron, tussen Juda gewoon het, is hulle in die latere lyste wat eerder sosiografiese lyste as geslagsregisters is,[50] by Juda gereken. 'n Deel van hierdie lg. groep het later toe die opbruising van die Ruben-waters[51] afgevloei en die ander stamme dit vir hulle begin moeilik maak het,[52] na hulle stamgenote in die oos-Jordaanland verhuis. 'n Herinnering hieraan is verknoop aan die geslag van Hesron, wat hierbo vermeld is.[53] Ook die skrywer van Jos. 22 gee aan Ruben die eerste plek omdat daar 'n sterker herinnering geleef het rondom die Rubeniete wat na die oos-Jordaanland gegaan het as rondom die kinders van Gad.[54] In die latere oorlewering is die herinnering aan Ruben as 'n eg oos-Jordaanse stam die suiwerste bewaar en oorgelewer, eenvoudig omdat die stam homself hier die langste kon handhaaf. Wanneer het hierdie Rubenitiese groepe na die Oos-Jordaanland gegaan? Volgens Jos. 22 het die vegsmanne nog gedurende Josua se leeftyd teruggegaan. Dit is ook wel aan te neem. Maar dit is onwaarskynlik dat 'n deel van die ander Rubenitiese geslagte wat tydelik tussen Juda gaan woon het, so gou al die wyk geneem het. Dit is ook onwaarskynlik dat hierdie verhuising voor die vermoording van Eglon[55] plaasgevind het. Maar net na die terugdrywing van die Moabiete deur Ehud kort voor 1100 v.C. sou dit 'n gunstige geleentheid gewees het om te verhuis,[56] veral aangesien die aandag van die Moabiete op hierdie tydstip blykbaar ook in die suide in beslag geneem is.[57] Ten tye van die optrede van Debora was Ruben wat nie aan die veldtog teen Sisera deelgeneem het nie, reeds saam met Gad in die goeie veewêreld ten ooste van die Jordaan gevestig[58]

en daarom kon sy hulle hekel deur te sê „In die afdelings van Ruben was die voornemens van die hart groot. Waarom het jy tussen die veekrale bly sit en luister na die fluitspel by die troppe vee? In die afdelings van Ruben was die voornemens van die hart groot."[59] En sou daar met Gilead na Gad verwys word, netsoos in die distrikindelings van Salomo?[60] Teen sowat 1,075 v.C. was die stam van Ruben dus reeds saam met Gad gevestig in die oos-Jordaanland.

En wat van Manasse? Die mededeling in Num. 32 aangaande die verowering van Gilead[61] en die vestiging van Makir, die seun van Manasse, aldaar, staan los van die bg. versoek van Gad-Ruben om hulle in die oos-Jordaanland te vestig. Trouens in die eerste 32 verse van Num. 32 kom die naam van die halwe stam van Manasse nie eens voor nie. Hierdie feit wek die vermoede dat die vestiging van die Manassitiese groepe in die oos-Jordaanland aanvanklik ook los gestaan het van dié van die twee ander stamme en dat dit eers later ook histories aan mekaar verbind is. Die vermoede is dan dat die hele stam van Manasse aanvanklik deurgetrek het na wes-Palestina. En inderdaad ken een van die oudste poëtiese stukke van die Ou Testament, nl. die lied van Debora wat volgens sommige selfs uit die 12de eeu v.C. dateer maar na alle waarskynlikheid 'n ietwat jonger is, die geslag van Makir as 'n wes-Jordaanse stam en blykbaar nogal as hoofverteenwoordiger van die Manassegroep.[62] Die onbesette streke tussen die onverowerde Kanaänitiese stadstate in die wes-Jordaanland was veral in die area wat aan Manasse toegeken is, beperk en daarom het 'n deel van die stam al gou verhuis na die grootliks onbewoonde oos-Jordaanstreke aan die oewers en ten noorde van die Jabbok. Dit is selfs moontlik dat die groep wat hulle in die omstreke van Jabes-Gilead gaan vestig het, verwantskapsbetrekkinge met die stam van Benjamin kon gehad het. Daarom gaan hulle na Saul van Benjamin om hulle te help teen die Ammoniete.[63] Hier het die stamme, blykens die lyste van die Kronis, Aramese elemente in hulle opgeneem.[64] Dat hierdie streek noord van die Jabbok as vanuit die wes-Jordaanland gekoloniseerde gebied beskou is en later nog „territorial geschichtlich" saam met die Efraim-Manassegebied van die wes-Jordaanland gereken is, blyk o.a. uit die distriksindeling van Salomo.[65] Die eerste sewe distrikte behels die gebied van die Josef-stamme, nl. vyf distrikte in die wes-Jordaanland (verse 8—12) en daarmee saam die twee oos-Jordaanse distrikte (verse 13—14) wat as deur Manasse gekoloniseerde gebied wesenlik tot die gebied van die Josefstamme behoort. Mahanaïm wat elders as 'n grens-aanwysingspunt tussen Gad en half-Manasse genoem word,[66] geld hier as distrikshoofstad van Manasse en moet daarom oorspronklik tot die deur hulle gekoloniseerde gebied behoort het.[67] Na hierdie sewe distrikte word daar drie ander stamdistrikte in die noorde van die wes-Jordaanland genoem[68] (verse 15—17), vervolgens dié van Benjamin (vers 18) en daarna dié van Gad[69] (vers 19) wat net langs die van Benjamin aan die oorkant van die Jordaan geleë was. Netsoos Dan en Sebulon in die noorde by die drie distrikte van die verre noorde ingesluit is, is Ruben

by Gad ingereken—'n aanduiding dat die proses waardeur Ruben feitlik geheel en al deur Gad verdring is, toe al begin het. En dit bring ons andermaal by die verloop van die vestigingsgeskiedenis van Gad en Ruben.

Hierbo is aangedui dat Gad en Ruben teen ongeveer die einde van die eerste kwart van die 11de eeu v.C. saam gevestig was rondom die bo-loop van die *wâdi Nimrîm*. Van toe af het hulle stadig maar gewis begin om die gebied waarop Balak ten tye van die intog aanspraak gemaak en waarop Eglon vir 'n kort tydjie daarna beslag gelê het, in te palm en geleidelik suidwaarts te beweeg totdat hulle uiteindelik plekke soos Dibon en Aroër op die oewer van die Arnon betrek het. Hulle het hierdie gebiedsinpalming geensins as 'n grond-rowing beskou nie, omdat hulle enkele geslagte gelede dieselfde gebied van die Amoritiese konings Sihon en Og verower het. Hulle was toe net nie instaat om die gebied meteens te koloniseer of self te bewoon nie.[70] Op die voorpunt van die suidwaartse migrasie moet die Rubeniete geplaas word. En dit is die toedrag van sake wat weerspieël word deur die lyste in die boek Josua. Noth[71] onderskei in Jos. 13:8—33 tussen deuteronomistiese redaksionele elemente, 'n lys van plekname, 'n grensaanduidingslys en allerhande samevattende formulerings wat landskapsname bevat. Hierdie vier bestanddele wat uit verskillende periodes dateer, is sonder reëlmaat ineengestrengel deur die redaktor van Jos. 13:8—33.[72] Die grensaanduidingslys wat selfs nog ouer kan wees as die lied van Debora,[73] het oorspronklik die werklike en teoretiese grens van die stam Gad aangedui. Die lys van plekname dateer volgens hom uit die tyd van koning Josia en ons het „dann vor uns die Ortsliste eines zu den zwölf westjordanischen Gauen des Staates Josias durch Eroberung noch hinzugekommenen ostjordanischen Gaues".[74] Maar Noth sien die ontstaansgeskiedenis van hierdie hoofstuk te ingewikkeld en sy onderskeidings is dikwels net maar op subjektiewe gronde te regverdig.[75] Miskien is die swakste skakel in die bewysvoering van Noth die feit dat ons in sy sg. „Ortsliste" van Jos. 13:17b—20 en 27a wat hy „literarisch und sachlich" met die lyste van Jos. 15, 18 en 19 verbind,[76] eweneens nie 'n sisteem waarvolgens die stede vermeld is, kan ontdek nie. As ons dan moet veronderstel dat 'n distriks-korograaf uit die tyd van Josia die plekname van hierdie sg. oos-Jordaanse distrik sommer willekeurig weergegee het, kan dieselfde dan nie maar van 'n veel ouer vakgenoot veronderstel word nie? Die manier waarop die name weergegee word, kom wel vir ons gekompliseerd voor, maar die gekompliseerde uiteenrafeling deur Noth maak die saak beslis nie minder ingewikkeld nie en daarom moet sy teorie i.v.m. die Ortsliste uit die tyd van Josia van die hand gewys word. Maar die wesensfout wat Noth maak moet m.i. gesoek word in die feit dat hy die sg. Ortsliste in Jos. 13 en Num. 32:34—38 sondermeer met mekaar verbind en die verdeling van die stede tussen Ruben en Gad as sekondêr en bloot outomaties beskou.[77]

Indien ons egter aanvaar dat Jos. 13:16—28 'n ouer stuk stamgeskiedenis beskryf as Num. 32:34—38, dan verval 'n hele aantal van

die probleme wat Noth sien. By die bespreking van die begin van die vestigingsgeskiedenis van die stam Gad is daarop gewys dat die punt vanwaar die vestiging begin het, rondom die boloop van die *wâdi Shaᶜîb* gesoek moet word. Ruben en die latere inkomelinge was waarskynlik suid van hierdie groep. As ons nou die gebiedsaanduidinge in Jos. 13 in die lig hiervan bekyk, dan kry ons die volgende beeld vir die kinders van Gad.[78] Ten noorde van die *wâdi Shaᶜîb* het hulle die suide van ou-Gilead begin beset en ten suide van die spruit het hulle beweeg in die benedeloop van die *wâdi*, en o.a. *bēt hārām*[79] en *bēt nimrā*[80] gebou. Hierdie uitbreiding dagteken na alle waarskynlikheid van kort na die vermoording van Eglon af, ofskoon *bēt nimrā* aan die noordeoewer van die *wâdi Nimrîm* selfs voor daardie tyd al redelik veilig sou gewees het. 'n Ander groep het weer van die *wâdi Shaᶜîb* af in 'n oostelike rigting getrek, d.w.s. na die wes-grens van die Ammoniete toe en nog later het hulle geswenk in die rigting van Hesbon. Die Rubenitiese groep het weer van die beginpunt af reg suidwaarts al op die hoogland langs beweeg en later ook suid-ooswaarts in die rigting van Jahas en Kedemot[81], terwyl nog 'n ander deel van die stam, miskien aangehelp en in getal versterk deur die inkomelinge vanuit die wes-Jordaanland, die suidelike dele van die *ᶜarbōt mō'āb*, met *bēt hajjᵉšîmōt*[82] as die hoofsentrum, beset het. So kry ons 'n redelik duidelike beeld van die gebied van Gad en Ruben onderskeidelik. Met verloop van tyd het hierdie beeld egter verander. Vanweë die herhaalde botsings met die Moabiete is die stam van Ruben verswak. Bowendien het die stam van Gad algaande verder suidwaarts beweeg, sodat hulle mettertyd die Rubeniete oorskadu het. In die distriksindeling van Salomo is die gebied van Ruben bv. alreeds saam met Gad gereken. Van hierdie nuwe „territorial geschichtliche" beeld gee Num. 32: 34—38 'n beskrywing. Die stam van Gad het die vroeëre gebied van Ruben heeltemal deursypel en eertydse Rubenitiese stede wat nou onder die beheer van die kinders van Gad te staan gekom het, is o.a. Dibon, Atarot, Atarot-Sofan en Aroër. Miskien was die feit dat die suidelike stede van die Trans-Jordaanse gebied van Salomo onder die gesag van Gad gestaan het die belangrikste rede waarom Ruben eenvoudig saam met Gad gereken is in sy distriksindeling. Dit is selfs nie onwaarskynlik nie dat die lys van Num. 32:34—38 in breë trekke die gebied waaroor Geber, die seun van Uri, aangestel is, nader aangedui het. In die lig hiervan word dit duidelik dat die mededeling van koning Meshaᶜ in ongeveer 850 v.C., nl. dat Gad oudsher die stad Atarot bewoon het, nie maar bloot toevallig met Num. 32:34 ooreenstem nie, soos Noth ten onregte beweer.[83] In die verdere verloop van die geskiedenis van hierdie twee stamme het Ruben steeds in die skaduwee van Gad geleef en moes hulle dikwels 'n gemeenskaplike stryd voer teen hulle vyande, totdat 'n belangrike deel van hulle in 732 v.C. as die eerste groep Israelitiese krygsgevangenes saam met die Arameërs deur Tiglath Pileser III van Assirië in ballingskap weggevoer is[84] en 'n groot deel van die eertydse oos-Jordaanse Israelitiese besittings by die Assiriese provinsiale sisteem ingeskakel is[85].

(c) *Die Verhouding van die ander Stamme teenoor hierdie Stamme buite die Beloofde Land*

Die aandag is reeds gevestig op die feit dat die versoek van Gad-Ruben om hulle in die oos-Jordaanland te vestig, 'n sekere mate van misnoë gewek het. Dit blyk duidelik uit die antwoord wat Moses aan hulle gegee het. Die vraag van belang is nou, of hierdie misnoë geheel en al van die toneel verdwyn het nadat die vegsmanne onderneem het om eers die wes-Jordaanland te gaan help verower en die oos-Jordaanse stamme van meet af aan as gelykes en mede-broeders in die stryd om behoud aanvaar is. Daar is enkele insidente wat daarop dui dat dit nie die geval was nie.

Eerstens kan die aandag gevestig word op die reaksie van die wes-Jordaanse stamme teen die bou van die altaar deur die dapper helde op die westelike oewer van die Jordaan toe hulle onderweg was na die oos-Jordaanland.[86] Hierdie reaksie word gewoonlik beskou as die resultaat van die Deuteronomistiese reformasie wat slegs een heiligdom erken het.[87] Maar al sou die stof van Jos. 22 ook 'n latere omwerking ondergaan het,[88] dan is daar tog blyke dat ons hier met 'n berig te doen het wat die historiese omstandighede van die tyd van Josua of die vroeë Rigterstyd goed weerspieël, bv. die feit dat die manne na hulle tente moes gaan en dat die heiligdom te Silo gestaan het.[89] Ten grondslag aan die protes teen die bou van die altaar lê die feit dat die volk nog leef onder die skaduwee van twee onheile wat hulle oorval het as gevolg van troubreuk teen die HERE (verse 17,20), maar veral die vrees van die wes-Jordaanstamme dat die oos-Jordaangroep hierdeur op 'n baie subtiele maar tog duidelik verstaanbare wyse 'n aanspraak maak op die besitreg van die streek waar hulle die altaar bou[90] en daarteen het die wes-Jordaanstamme beswaar. Alleenlik as die stamme gewillig is om vir hulle vaste besittings te kom verwerf deur die land nog verder met die swaard te kom help verower kan hulle aanspraak simpatieke erkenning geniet. Hierdie insident kon heel maklik tot burgeroorlog gelei het, juis omdat daar op hierdie tydstip nog 'n wrywende gevoel tussen die twee groepe bestaan het.

Nog 'n aanduiding van hierdie gevoel vind ons in die gebeure wat gevolg het op die vermoording van Eglon. Die Moabiete word net tot by die Jordaan verjaag en daar word die agtervolging gestaak[91] ongeag die feit dat die Moabiete die oos-Jordaanse stamme effens verder noord-oos op teen die heuwelland, nou nog meer as tevore, sou verdruk. Hierdie optrede van die sterker wes-Jordaanse leër getuig van die feit dat daar by hulle 'n gebrek aan simpatie met die stamme van die oos-Jordaan bestaan het. Ook in die Jefta-geskiedenis vind ons hierdie antipatieke gesindheid.[92] Weliswaar was die wes-Jordaanse stamme in hierdie tyd ook deur 'n ander vyand, nl. die Filistyne benou, maar uit die ongegronde naywer wat hulle openbaar het nadat Jefta op eie houtjie die Ammoniete verslaan en sodoende eintlik ook die wes-Jordaanse groep bevry het, kan duidelik gesien word dat hulle die oos-Jordaanse stamme nie veel gegun het nie.

Met die instelling van die koningskap het daar al byna dadelik 'n kentering gekom in hierdie gestremde verhoudings. Toe Jabes-Gilead in benoudheid gebring is deur die Ammoniete het Saul dadelik ingewillig om hulle te help. Hy het o.a. besef dat dit, met die oog op die konsolidering en uitbouing van sy koninkryk, veel beter is om die simpatie en steun van die stamme te hê. En inderdaad het hierdie optrede van hom goeie vrugte afgewerp, al was dit dan ook eers na sy dood, toe die manne van Jabes sy lyk gaan red en sy seun Isboset in Mahanaïm 'n gasvrye residensiestad gevind het.[93] Dieselfde optrede vind ons by Dawid. Direk na sy bewindsaanvaarding het hy hulle belange beskerm teen die Moabiete, Ammoniete en Arameërs en toe sy onderdane in die weste oogluikend toegelaat het dat hy moes vlug voor Absalom, het die oos-Jordaners hom 'n herberg aangebied.[94] En toe hierdie streek se lot vir die grootste gedeelte verknoop was aan die Ryk van Israel het hulle die beskerming van die konings van daardie ryk geniet. Selfs binne die liturgie van Jerusalem kan 'n mens sekere trekke bespeur van 'n besondere belang in die oos-Jordaanse gebied, soos o.a. blyk uit die herhaalde vermelding hiervan in die psalms.[95] Dan ontstaan die vraag of die toekenning van drie van die ses vrystede aan die oos-Jordaanland[96] nie dalk ook as 'n kompromis gesien moet word nie?

Hoe dit ook al sy, hierdie gebied, die gekompliseerde karakter van sy vestigings- en latere geskiedenis ten spyt, was van besondere belang en betekenis vir die wes-Jordaanland want hierdie stamme het altyd gedien as buffer tussen die ander stamme en die vyand uit die ooste. Dit was die moeite werd dat daar toegewings aan hulle gemaak moes word. En van hulle kant het hulle selfs op godsdienstige terrein nie teleurgestel nie, want indien Tisbe in die oos-Jordaanland geleë was,[97] dan het hierdie stamme wat in die aanvangsjare van hulle vestiging so dikwels deur die ander in die steek gelaat en verkeerd verstaan is, die eer te beurt geval dat die groot profeet Elia uit hulle gebied gekom het.[98] In een van die vier gevalle waarvan die Ou Testament meedeel dat 'n mens deur God na Hom geneem is,[99] het Hy hom op hulle bodem geneem (*lāqaḥ*)[100].

A. H. VAN ZYL.

Universiteit van Pretoria.